LAER VOLKSKOOL
GRAAFF-REINET

NUUSBRIEF
Nommer 25
17 Augustus 2018

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

Kleurvolle Karakter 2018
Regverdig

Interskole is ook nou reeds 'n herinnering en ons karakter en sportmanskap is werklik getoets, ons leerders het hulle goed van hulle taak gekwyt en vasgebyt ten spyte van die slegte weer. Dis ware karakter!

Ons sluit binnekort ons regverdigheid pilaar af met 'n finale episode van 'reg of weg'. Daar is steeds oranje sleutelhouers te koop teen R 5 by Mevrou van Heerden. Ons moedig die leerders aan om al 6 die sleutelhouers te koop. Ons gaan aan die einde van die jaar kyk wie al 6 versamel het en dalk verras ons hulle met iets spesiaals!

Waarvoor staan die pilaar van regverdigheid?

'n Regverdige persoon:

1. Maak beurte en **deel.**
2. Behandel almal **regverdig**.
3. Trek niemand **voor** nie.
4. **Bevoordeel** nie hulself nie.
5. Is **onpartydig**.
6. Is **onbevooroordeeld**.



Kom ons bou saam aan 'n samelewing waarin elkeen van ons wil bly!

MEEGEVOEL
Ons innige meegevoel gaan aan die Bezuidenhout en Smit families (Elisma en Brent) met die afsterwe van 'n geliefde ouma. Mag hulle as gesinne die nabyheid van ons Hemelse Vader in hierdie moeilike tyd beleef.

EPOS
Daar is 'n epos as kommunikasie tussen die ouers en die beheerliggaam geskep. Die adres is lvsbl1820@gmail.com, indien u enige navrae aan die beheerliggaam wil rig. Navrae in verband met koshuisaangeleenthede kan ook na hierdie epos gerig word. Dit sal derugegee word aan mnr Hendrik Wolfaardt.

INTERSKOLÆ
Gedurende die week van Interskole, 6 – 11 Augustus 2018 het die leerders aan verskeie aktiwiteite deelgeneem. Alhoewel ons nie geslaag het om al hierdie aktiwiteite te wen nie en die weer ook nie gunstig ten alle tye was nie, het LVS die week met goeie gees aangepak.

Baie dankie vir elke ondersteuner en leerder se positiewe bydrae.

OOV: INTERSKOLE
Baie dankie aan elke ouer wat op welke manier 'n bydrae tot vanjaar se Interskole gemaak het. Elke donasie en elkeen se tyd om met die verkope te help, word opreg waardeer! 'n Spesiale woord van dank aan die OOV se graadverteenwoordigers vir al hul tyd en opofferings. Die OOV is trots op ons ouers se samewerking en betrokkenheid.

KLEURFEES
Die Kleurfees was weereens 'n reuse sukses. Baie dankie aan elkeen wat gehelp het met die voorbereiding. Ons sien uit van volgende jaar.

WOW-SPELFEES
Die volgende leerlinge het deurgedring na die volgende rondte van die WOW-Spelfees en sal Dinsdag, 21 Augustus 2018, aan die Distrik-kompetisie by Spandau Hoërskool deelneem.

Graad 1
Logan Marais
Miley Burger
Emma Conradie
Lenay Goltz

Graad 2
Cara van der Merwe
Mynette Viljoen
Helgard van Wyk
Chelsea Hendricks
Hestri Pearson

Graad 3
Wian Lötter
Kate-Lynn Kruger
Carlien Oosthuizen
Elné Viljoen

Graad 4
Zenobia Homveld
Mikha Enslin
Mienke Janse van Rensburg
Alice du Toit

Graad 5
Nicolene Bezuidenhout
Janine Coetzer

Graad 6
Adriaan Blignaut
Freddie van der Mescht
Eliné Fourie

Graad 7
Zenke Enslin
Carien de Wet
Carli Kritzinger
Micheal Cronje
Elaine van Rensburg

DEPARTEMENT GESONDHEID
Ter inligting aan ouers van graad 4 dogters. Departement van Gesondheid doen op 22 Augustus 2018 die tweede dosis (inenting) by die skool.

SOMER BUITEMUURSE PROGRAM
U ontvang vandag 'n nuwe Buitemuurse program. Die program tree op Maandag, 20 Augustus 2018 in werking.

SPORT

PIETIE COETZEE HOKKIETOERNOOI UITSLAE
Op 2 Augustus 2018 het die o.13A hokkiespan na Bloemfontein vertrek om aan die 15de Pietie Coetzee Hokkietoernooi deel te neem. Die toernooi het op 3 en 4 Augustus plaasgevind. Laer Volkskool het 5de in die toernooi geeindig. Dit was harde wedstryde, maar baie goeie ondervinding vir die dogters asook uitstekende voorbereiding vir die Interskole. Die uitslae is soos volg:

Verloor Oranje Meisieskool 0-7
Wen Menlo park 1-0
Verloor St Mary's 1-2
Verloor Eunice 0 - 8
Verloor Collegiate 1 - 4

Dankie aan mnr Pierre de Villiers wat die bus bestuur het, Juffrou Rita de Villiers, spanbestuurder en Juffrou Mari Swiegers, afrigter wat saam met die dogters op die toer was.

BOOGSKIETNUUS
Vier van LVS se leerders (Hennie Barnard, Diwan van Rooyen, Freddie van der Mescht en Casper Bekker) het verlede naweek aan die OP Boogskietkompetisie in Port Alfred deelgeneem. Dit is die laaste

plaaslike kompetisie voor die Nasionale Boogskietkompetisie wat gedurende die Oktobervakansie naby Rustenburg plaasvind. Freddie v.d Mescht behaal derde plekke in die Junior 3D en Junior Bull's Eye. Die OP spanne vir laerskole en hoërskole word na die OP Kampioenskappe aangewys. Ons wag vir die bekendmaking van die spanne.

TENNIS

Dankie aan al die ouers vir julle hulp tydens Interskole. Die eerste seuns en dogtersspanne neem vanaf 22 – 25 Augustus 2018 aan die Laerskool Cradock Spar Tennistoernooi deel. Ons wens hulle sterkte toe. Laat tennis altyd seëvier.

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Hou vas aan God se standaard
en veg vir wat reg is,
vir die dinge met ewigheidswaarde,
die dirge wat waar en eg is. Psalm 35:1



Kom vier LVS kultuur!

Kom geniet 'n ligte ete en hope talent by ons LVS kultuuraand.

Datum: 3 September 2018

Waar: LVS Skoolsaal

Tyd: 18:00

Koste: R 50 pp en Skoliere R10 per leerling

Spasie is beperk so koop jou kaartjie vanaf Woensdag 22 Augustus by LVS kantoor.

Kom vier 'n 2018 van kleurvolle kultuur!

ADVERTENSIE

SKOOLALBUMS:

"Van Baba/Kleuter tot My Skoolalbum"

My Skoolalbum bestaan nogsteeds uit voorskool tot GR12 vir al jou kind se skoolfotos.
Daar is 'n koevert vir elke graad se rapporte, sertifikate en spesiale tekeninge.
Die album het 'n bietjie uitgebrei en die wat nog die baba/kleuter afdeling ook wil he, kan nou 'n alles in een album kry.
Dit bestaan uit van voorgeboorte, doop, 6mnde oud en dan 1,2,3,4,5j afdelings.

Kontak my gerus vir fotos.
My Skoolalbum van GR R tot GR 12 is = R200.00
Van Baba/Kleuter tot My Skoolalbum is R400.00

Kontak: Adéle van den Berg – 071 624 32 71

UITSLAE INTERSKOLE 2018

SPORT	PUNTE		TELLING	
	VOLKSKOOL	UNION	V	U
JUNIOR SKAAK GR 1 - 3	5	7	0	2
SKAAK – LVS 2	6	6	1	1
SKAAK – LVS 1	6	6	1	1
TENNIS O/10 D	0	6	0	2
TENNIS O/10 S	9	0	2	0
TENNIS 1ste D	3	6	0	2
TENNIS 2de D	0	9	0	2
TENNIS 1ste S	7	2	2	0
TENNIS 2de S	9	0	2	0
HOKKIE O/7	5	0	2	0
HOKKIE O/8	5	1	2	0
HOKKIE O/9 A	2	5	0	2
HOKKIE O/10 A	0	5	0	2
HOKKIE O/13 B	0	2	0	2
HOKKIE O/13 A	2	0	2	0
RUGBY O/7 A	15	15	1	1
RUGBY O/8 A	20	30	0	2
RUGBY O/9 A	36	0	2	0
RUGBY O/11 A	10	12	0	2
RUGBY O/11 B	45	10	2	0
RUGBY O/13 B	5	7	0	2
RUGBY O/13 A	38	7	2	0
		TOTAAL	21	23